# Wenke vir assessering

Assessering gaan daaroor dat bewyse versamel moet word oor wat die leerders leer. Dit is ‘n integrale deel van onderwys en bestudering, en moet beplan word wanneer die inhoud van die lesse beplan word. Assessering help om die behoeftes van die leerders te bepaal. Dit verskaf ook bewyse van vordering, laat onderwysers toe om na te dink oor wat hulle doen, en verskaf aan onderwysers die inligting wat hulle nodig het om terugvoering te gee aan leerders, ouers en ander relevante mense en departemente soos die HOD en die Nationale Departement van Basiese Onderwys.

Assessering van Wiskunde Geletterdheid moet bepaal of leerders wiskundige en nie-wiskundige tegnieke kan integreer om sodoende probleme in die regte wêreld te kan oplos. Assesserings moet gebaseer wees op situasies in die regte wêreld en verkieslik werklike data gebruik; vereis van leerders om gepaste wiskundige inhoud te kies en te gebruik om kontekste te ondersoek, en ook om nie-wiskundige oorwegings te maak in hul denke en probleemoplossing.

Assessering is gefokus op die Toepassingsonderwerpe met die verstandhouding dat die Basiese Vaardigheidsonderwerpe regdeur geïntegreer sal word.

## Informele of daaglikse assessering

Informele assessering is ‘n daaglikse kontrolering van leerders se vordering. Dit word gedoen deur observasies, besprekings, praktiese demonstrasies, leerder-onderwyser konferensies, informele interaksie in die klas, ensovoorts. Die oefeninge in die leerdersboek kan almal gebruik word vir informele assessering.

KABV sê vir ons dat informele assessering gebruik moet word om terugvoer aan die leerders te gee en asook aan onderwysers vir beplanning, maar dit hoef nie aangeteken te word of in ag geneem te word vir promosie nie. Dit moet nie gesien word as apart van die leeraktiwiteite wat in die klas plaasvind nie. Leerders of onderwysers kan die assesseringstake nasien.

Self-assessering en portuurassessering kry leerders ook betrokke in die assessering. Dit is belangrik sodat leerders kan leer uit en nadink oor hul prestasies.

## Formele Assessering

Alle assesseringstake wat die formele assesseringsprogram vir die jaar saamstel word gesien as formele assessering. Formele assesseringstake word nagesien en die onderwyser hou formeel rekord daarvan vir progressie- en sertifiserings-doeleindes. Alle formele assesseringstake is onderworpe aan moderasie sodat kwaliteit verseker is en ook om te verseker dat toepaslike standaarde gehandhaaf word.

Formele assessering gee onderwysers ‘n sistematiese manier om te evalueer hoe goed leerders vorder in ‘n graad en in ‘n spesifieke vak. Voorbeelde van formele assesserings in wiskunde sluit in toetse, eksamenvrae, ondersoeke en projekte. Formele assesseringstake vorm deel van ‘n jaarlange formele assesseringsprogram in elke graad en vak.